

MAGSGROEPERINGE EN IDEOLOGIESE STROMING HET DIE EKONOMIE

VOORTDUREND GESLYP EN DIKWELS VERWRING

A. 'N KORT HISTORIESE OORSIG VAN MAGSPOLITIEK EN IDEOLOGIESE STROMINGE

1. 1652 - 1992

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis oor die afgelope 340 jaar word gekenmerk deur endemiese groeppotsings waar die verskillende groepe hulle groepsbelange probeer bevorder het ten koste van die groepsbelange van ander groepe en dikwels ten koste van die algemene belang. Vanweë die beperkte ekonomiese vermoë van Suid-Afrika, het die aansprake van die duidelik gedefinieerde groepe, chronies die beskikbaarheid van die ekonomiese bronne oorspan en aanleiding gegee tot 'n onverkwiklike zerosomspel. Vir slegs 40 van die 340 jaar - van 1934 tot 1974 - het ons 'n redelike lang tydperk gehad waarin die ekonomiese groeikoers aansienlik hoër as die bevolkingsgroeikoers was en waarin dit moontlik was om die ekonomiese posisie van alle bevolkingsgroepe gelyktydig te verbeter. Ongelukkig het dit in hierdie tydperk ook nie gebeur nie. Die groeikoers was gemiddeld ongeveer 4,5 persent per jaar, terwyl die per capita inkome met ongeveer 2,5 persent per jaar gestyg het. In hierdie 40 jaar was die blankes (en veral die Afrikaners) meesal aan die wenkant, terwyl veral die swartes aan die verloorcant was.

2. 1910 - 1948

In hierdie tydperk was die English Establishment (met die uitsondering van 9 jaar) in 'n magsposisie in sowel die politiek as die ekonomie en het hy sy "dubbele" magsposisie gebruik (misbruik) en het hy hom aan 'n soort binnelandse koloniale "uitbuiting" skuldig gemaak. In hierdie tydperk was al die ander bevolkingsgroepe aan die verloorcant alhoewel die Afrikaansspreekende blankes se posisie in die veertigerjare begin verbeter het.

3. 1948 - 1960

Nadat die NP die politieke bewind oorgeneem het, het 'n hewige

magstryd tussen die English Establishment (wat steeds die ekonomie beheer het) en die Afrikaner Establishment (wat nou die politiek beheer het) gewoed oor politieke en ekonomiese hegonomie. Ter wille van die opheffing van die armblankes het die nuwe regering 'n drieledige beleid geïmplimenteer: addisionele diskriminerende of apartheidsmatreëls is op die wetboek geplaas, die burokrasie is "verafrikaniseer" en vergroot, terwyl openbare korporasies gestig en uitgebrei is en 'n verskeidenheid van welsyn en/of herverdelingsprogramme (fiskale matreëls) is gelanseer om die ekonomiese posisie van die Afrikaners te verbeter. Die bevolkingsgroepe ander as blank was meesal aan die verloorcant.

4. 1960 - 1974/76

Die Verwoerdiaanse beleid van Afsonderlike Ontwikkeling is begin en ideologies gepropageer. Verskeie beleidsmatreëls is geïmplimenteer om 'n "Blanke Ekonomie" - op die patroon van die ekonomiese in Westerse lande - aan die Suidpunt van Afrika uit te bou. In die tydperk van hoë ekonomiese groei, het die magstryd tussen die English en Afrikaner Establishments begin afneem, 'n snelle embourgeoisment van die Afrikaners het plaasgevind. Die ekonomiese posisie van die Kleurlinge en Asiërs het verbeter maar in die geheel was die Swartes nog aan die verloorcant.

5. 1976 - 1990

Een van die belangrikste paradigma verskuiwings (ideologiese omentelings) in hierdie eeu, het in die middel van die sewentigerjare plaasgevind. Die olie krisis het die na-oorlogse boom in Westerse lande tot 'n einde gebring. Ná Spínola se staatsgreep in Portugal het die koloniale buffer aan die noordelike grense van Suid-Afrika en Suid-wes Afrika verkrummel. Alhoewel die ideologie van apartheid en afsonderlike ontwikkeling van meet af ernstig bevraagteken is - sowel binne- as buitelandse - het die regering nie in 'n legitimiteitskrisis beland solank 'n hoë groeikoers gehandhaaf is en Suid-Afrika 'n "moving concern" was nie. Maar vanweë die daling in die groeikoers, en vanweë die wêreldwye negatiewe reaksie op die abortiewe inval in Angola en op die Soweto onluste (1976) het die NP-regering aan die einde

van die sewentigerjare in 'n ernstige legitimeitskrisis beland. Dit het toe nodig geword om die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling te onderskraag met 'n addisionele ideologie, nl. die Totale Strategie om die (beweerde) Totale Aanslag af te weer. Die diskriminerende en ondemokratiese bestel in Suid-Afrika is toe gelegitimeer deur dit te "verdedig" teen die (beweerde) aanslag wat 'n vreemde (onChristelike) bestel met behulp van die frontlinie state teen Suid-Afrika geloots het en wat daarop bereken sou wees om die blanke, die Christelike, die Westerse en die Kapitalistiese bestel hier te beëindig. Danksy die houding wat Reagan en Thatcher ingeneem het, is die beleid en die ideologie van "Totale Aanslag" deur Westerse lande aanvaar sonder dat aangedring is op die beëindiging van die beleid en ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling. Die tagtigerjare staan dus in die teken van 'n dubbele ideologie wat hoë eise aan die ekonomie gestel het, terwyl die UDF (vanaf 1983) die gesag van die bestel ernstig uitgedaag het. Hierdie binnelandse "aanslag" het ook hoë eise aan die ekonomie gestel. Aan die einde van die periode is die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling (en Verwoerdianisme) prysgegee toe die Een-nasie-staat-idee aanvaar is. Daarna het die Totale Aanslag die enigste legitimeringsideologie geword.

Die tydperk van 1976 - 1990 was 'n tydperk van stagflasië - 'n lae groeikoers, dubbelsyfer inflasië, kruipende armoede, ens. Die internasionale isolasië van die Suid-Afrikaanse ekonomie en veral die groot uitvloei van kapitaal ná 1976 en veral ná 1985, het die ekonomie baie nadelig getref. Byna alle sektore van die ekonomie is negatief beïnvloed, maar dit is veral die werkskeppingsvermoë van die ekonomie en die landbousektor (in veral die somer-reënval gebiede) wat die swaarste getref is. Ten spyte van die kruipende armoede het die bolae van die Kleurlinge, Asiërs en Swartes se ekonomiese posisie verbeter (hoewel dit nie moontlik is om aan te toon hoe groot hierdie bolaag van al drie hierdie groepe is nie), terwyl die ekonomiese posisie van die meeste blankes en die onderste (sê) 40 persent van die Swartes verswak het.

In die tydperk van stagflasië, groeiende internasionale isolasië, die binnelandse aanslag van die UDF en as 'n belangrike bestanddeel

van die Totale Strategie teen die (beweerde) Totale Aanslag het 'n baie noue samewerkingsverhouding tussen die Afrikaner (of NP) Establishment en die English Establishment ontwikkel wat op 'n soort (ongemaklike) "huwelik" tussen die Burokratiese Staat (in Pretoria) en die Kapitalistiese Ekonomie (in Johannesburg) neergekom het - ofte wel tussen die Afrikaanssprekende Burokratiese "vrou" in Pretoria en die (hoofsaaklik) Engelssprekende "man" in Johannesburg. Toe die NP hierdie (ongemaklike) "huwelik" aangegaan het, het hy sy jarelange noue verbintenis met die landelike gebiede (en die landbousektor) prysgegee in ruil vir sy nouer verbintenis met die stedelike burokrasie en korporatiewe (kapitalistiese) sektor.

#### 6. Sedert 1990

In 1989 het 'n groot omneswaai in die internasionale verhouding tussen die Demokratiese Weste (met kapitalistiese ekonomieë) en die Kommunistiese blok (met bevelieke ekonomieë) ingetree. Die omneswaai het al in 1985 begin met Gorbatsjof se Perestroika en 'n hoogtepunt bereik met die val van die Berlynse Muur. Vanweë die afkoeling en die uiteindelijke beëindiging van die Koue Oorlog was dit nie langer moontlik om die apartheidsbestel langer in terme van die ideologie en beleid van die Totale Strategie te probeer legitimeer nie. Onder druk van Westerse lande (en hoofsaaklik in die persoon van Mev Thatcher) en met die samewerking van multi-nasionale korporasies wat ekonomiese belange in Suid-Afrika het, het Mnr De Klerk op 2 Februarie 1990 'n groot beleidsverandering aangekondig. Hierdie beleidsverandering is daarop bereken om 'n nuwe legitimeringsideologie te vind in die bereidwilligheid om te onderhandel met die (gewettigde) Bevrydingsorganisasies oor 'n nuwe en "demokratiese" politieke bedeling. In 'n poging om die "ideologie van onderhandeling" te vestig, is die beleid van Totale Strategie sedert 1990 aansienlik afgeskaal en is apartheidswetgewing afgeskaf sonder dat die apartheidsbestel (of die magstrukture waarop die blanke monopolie van politieke mag gebaseer is) af te skaf. Wat die De Klerk-regering betref, vind die onderhandelinge met die Bevrydingsorganisasies plaas met die bedoeling (en onder die waan dat dit moontlik is) om 'n nuwe en "demokratiese" politieke bedeling te "vind" en te vestig waarin die magsposisie van die De Klerk-Establishment

(sien hieronder) redelik ongeskonde gehandhaaf sal bly en hierdie Establishment se beheer oor die Burokratiese Staat en die Korporatiewe of Kapitalistiese sektor redelik onaangetas sal bly.

Ná die beleidsommeswaai van 2 Februarie 1990 het die (ongemaklike) "huwelik" tussen die Burokratiese Staat en die Kapitalistiese sektor plek gemaak vir 'n baie hegte "Compact of Power" wat tussen die NP, die Burokrasie, die Kapitalistiese sektor (en sy buitelandse verbintenisse) en die hoofstroom Media gesmee is. Die bedoeling van die Referendum was om hierdie "Compact" (en sy buitelandse ondersteuning) finaal te konsolideer en die Referendum het blykbaar ook in hierdie doel geslaag.

Die onderhandelinge oor 'n nuwe politieke bestel, dreig reeds sedert die middel van 1991 om te ontaard in 'n meedoënlose "verkiezingstryd" (of 'n magstryd) tussen twee totaal verskillende gestruktureerde Magsgroepe. Aan die regterkant staan die goed-georganiseerde en die goed-geïntegreerde "Compact of Power" wat daarop reken dat dit op die lang duur die steun van die KP en IVP gaan kry. Die "Compact" maak baie staat op die diplomatieke en ekonomiese steun wat veral Westerse lande aanbied en (so hoop die "Compact") sal aanhou om te bied. Aan die linkerkant staan die ANC/SACP/Cosatu-alliansie wat nie naastenby so goed georganiseer en gestruktureer is soos die "Compact" nie. Hierdie Alliansie maak daarop staat dat hy 'n meerderheid in (demokratiese) verkiesings sal behaal en hoop op die steun van die nie-Westerse lande. Die feit dat meedoënlose "verkiezingspolitiek" gevege word, terwyl "onderhandelingspolitiek" bedryf behoort te word, het die potensiaal om Suid-Afrika in endemiese geweldpleging te laat verval, wat op die lange duur Suid-Afrika ekonomies kan ruïneer. Oor die afgelope twee jaar is sowel die "Compact" as die Alliansie geneig om hulle eie mag te oorskakel en om die teenparty se mag en uithouvermoë te onderskat. Dit kan gevaarlik blyk te wees.

In hierdie baie onsekere omstandighede kan geen groep (en ook nie die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel) dit bekostig om die toekoms tegemoet te gaan met sy rug daarheen gekeer nie. Om in die huidige omstandighede te oorleef moet elke groep -

en hopelik die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel - die toekomstige verloop van sake so realisties as moontlik probeer antisipeer en hom strategies daarby aanpas. Dit vereis dat onverdedigbare ideologiese ingesteldheid sover as wat enigszins moontlik is, "oorwin" sal word.

B. 'N AKKUMULASIE VAN FOUTIEWE EKONOMIESE BELEIDSMAATREËLS EN DIE IDEOLOGIESE VERWRINGING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE.

In die onderstaande uiteensetting van foutiewe ekonomiese beleidsmaatreëls en die ideologiese verwringing van die Suid-Afrikaanse ekonomie - as part en deel van die voortslepende groepsbotsings en zerosomspel - wil ek geensins die indruk wek dat ek oor meerdere wysheid beskik en oor sê die afgelope 30 jaar altyd beter geweet het en nou daarop kan aanspraak maak dat die "skewe" verloop van sake my waarskuwings in die verlede nou vindikeer nie. Soos die meeste (indien nie alle) Suid-Afrikanners het ek my ook aan dwalings skuldig gemaak en maak my moontlik steeds daaraan skuldig. Maar as 'n akademikus glo ek onverbidlik aan die verdienste en aan die noodsaaklikheid van 'n meedoënlose diagnoses van die kwale waaraan ons "patiënt" - die Suid-Afrikaanse ekonomie - mank gaan. Sonder sodanige diagnoses - waarvan myne maar slegs een van baie behoort te wees - sal ons beslis nie die nodige "heelmiddels" vind waarsonder 'n redelike "genesing" van die kwale nagestreef en 'n meer optimistiese prognose in die vooruitsig gestel kan word nie. Voordat ek die foute wat gemaak is, gaan opstapel, wil ek my graag op die volgende gesegde beroep: "Hindsight is the only exact science".

Soos uit die ontleding sal blyk, is baie van die beleidsfoute wat gemaak is, gemaak vanweë politieke en ekonomiese magsoorwegings en is die ekonomie dikwels op die altaar van (onverdedigbare) ideologiese strominge "geoffer".

1. DIE LAISSEZ-FAIRE "KOLONIALISME" IN DIE EERSTE HELPTE VAN DIE EEU

Baie van die probleme van die Suid-Afrikaanse ekonomie kan teruggevoer word na die Laissez-faire "kolonialisme" wat die English Establishment (met die Kamer van Mynwese as sy kern) gedurende

die eerste helfte van die eeu toegepas het en "afgedwing" is met die politieke en ekonomiese mag waaroor hierdie Establishment beskik het. Die English Establishment het met die Laissez-faire benadering volhard toe ander Westerse lande (en veral Brittanje) dit reeds met die Welsynstaatskapitalisme vervang het en toe die toepassing van rassediskriminasie al redelik ernstig bevraagteken is. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in hierdie tydperk steeds as 'n "verlengstuk" van die Britse ekonomie ontwikkel en is daar hoofsaaklik voorrang aan die mynboubedryf verleen totdat die Tweede Wêreldoorlog die behoefte (en die geleentheid) vir nywerheidsontwikkeling geskep het. Die landboubedryf is op 'n redelike roekelose wyse aan die onvoorspelbaarhede van "ongebreidelde" (maar en erg "onvolmaakte") markte oorgelaat totdat die Landbou bemarkingswet aan die einde van die dertigerjare aanvaar is. Op daardie stadium was blanke "kleinboerdery" al ernstig beskadig en het (tradisionele) swartboerdery (buite die Naturelle reservate) bykans volledig tot niet gegaan.

## 2. APARTHEID EN DIE AFRIKANER WELSYNSTAAT

Gedurende die Malan-regering is die Laissez-faire beleid en ideologie vervang met die apartheidsideologie en die "welsynstaatsbeleid" ter wille van die opheffing van die (beweerde) verontregde en verarmde Afrikaners. Oor die behoefte aan beleidsmaatreëls om die blankes (en die ander bevolkingsgroepe) wat vanweë Laissez-faire "kolonialisme" onnodig verarm geraak het, van 'n beter lewenstog te voorsien, kan seker nie getwyfel word nie. Die "welsynstaatsbeleid" was egter te seksioneel of groepsgebonde en het o.m. van ongeoorloofde diskriminerende maatreëls gebruik gemaak.

Die nadelige effek van die beleid, van die beperkings wat op die mobiliteit en gebruik van anderskleurige arbeid gelê is en op die (onnodig) verafrikanisering en uitbreiding van die burokrasie, sou eers in die sewentiger- en tagtigerjare duidelik blyk.

## 3. VERWOERDIANISME, DIE OPBOU VAN 'N "BLANKE EKONOMIE"

Aan die einde van die vyftigerjare het Dr Verwoerd en die NP dit nodig gevind om die skerp kritiek teen die beleid van apartheid

en rassediskriminasie te probeer ondervang met die ideologie en die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling. Die beleidsmaatreëls wat op grond van hierdie ideologie in die daaropvolgende 20 tot 30 jaar geïmplementeer is om 'n "Blanke Ekonomie" - op die patroon van die ekonomieë van geïndustrialiseerde Westerse lande - in 'n Derde Wêreldland aan die Suidpunt van Afrika uit te bou, was (agterna beskou) totaal onverdedigbaar en het onmeetlike skade aan die "struktuur" van die Suid-Afrikaanse ekonomie bewerkstellig. In 'n poging om die Suid-Afrikaanse ekonomie se afhanklikheid van Swartarbeid af te skaal (en mettertyd selfs uit te skakel) is die relatiewe skaarsheidspryse van Kapitaal en Arbeid op berekende wyse verwring om Kapitaal relatief goedkoop en Arbeid relatief duur (en/of onbeskikbaar) te maak. Sodanige maatreëls gaan teen die grein van die ekonomiese gebruik van skaars bronne en kan op geen manier hoegenaamd goedgepraat word nie. (Dit is 'n magtige ironie dat beleidsmaatreëls getref is om die "Blanke Ekonomie" minder kwesbaar te maak teen Swart arbeid, terwyl die groot afhanklikheid van Kapitaal wat deur hierdie beleidsmaatreëls veroorsaak is, ná Soweto (1976) en ná die Rubicon-toespraak (1985) die eintlike "kwesbare" plek op die "liggaam" van die Suid-Afrikaanse ekonomie geblyk te gewees het.)

Om 'n "Blanke Ekonomie" te bou wat meer kapitaalintensief en minder (Swart) arbeidintensief sou wees, is die volgende ekonomiese beleidsmaatreëls getref en in sekere opsigte tot in die vroeë tagtigerjare gehandhaaf. Die Rand-wisselkoers is (te) hoog gehou om die invoer van kapitaalgoedere (swaar masjienerie) goedkoop te hou, rentekoerse is (te) laag gehou (en die geldvoorraad is voortdurend aangepas) om investeringe te stimuleer, die belastingbeleid het vir groot afskrywings ten opsigte van investeringe voorsiening gemaak, terwyl die beskikbaarheid van Swart arbeid (in veral die PWV-gebied en die Skiereiland) kunstmatig beperk en beswaar is. Boonop is daar ook nie na wense bestee aan die opleiding en sosiale dienste vir Swartmense nie. Al hierdie maatreëls - tesame met 'n sterk Westerse oriëntasie (of mentaliteit) in blanke geleedere - het daartoe gelei dat die kapitaal-arbeidverhouding van 1960 tot 1990 minstens verdriedubbel het en Suid-Afrika vandag met 'n hopeloos te kapitaal-intensiewe ekonomie (gegewe die groot aanbod van arbeid) opgeskep sit en die ekonomie boonop in 'n veel groter mate afhanklik is van buitelandse kapitaal as wat

andersins die geval sou gewees het.

Die drievoudige styging van die kapitaalarbeidverhouding van 1960 tot 1990 het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika se afhanklikheid ten opsigte van buitelandse kapitaal skerp toegeneem het. Vanweë die kruipende armoede en die hoë inflasiekoers, het netto besparings as persentasie van die BBP van  $\pm$  14 persent in die tydperk van 1960 tot 1980 gedaal tot  $\pm$  7 persent in die tagtigerjare. Indien Suid-Afrika weer 'n groeikoers van sê 4 persent per jaar vir 'n tydperk van sê 10 jaar wil behaal, sal ons 'n netto invloei van \$7 biljoen per jaar moet ervaar. Ons sal egter bitter moeilik daarin slaag om omstandighede te skep wat aantreklik genoeg sal wees om 'n bedrag van \$7 biljoen jaarliks na Suid-Afrika te lok.

4. NAÏEWE (IDEOLOGIESE?) OPTIMISME, EN DIE OORDREWE INFRASTRUKTURELE ONTWIKKELING EN ONGEORLOOFDE PRESTIGE PROJEKTE

Vanaf ongeveer die middel van die sestigerjare tot ongeveer die middel van die tagtigerjare het die NP-regering hom skuldig gemaak aan 'n naïewe optimisme wat net in terme van ideologiese selfversekerdheid (en miskien ook in terme van onervarendheid van 'n tipiese nouveau riche) verklaar kan word. Die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling (en daarna ook die ideologie van die Totale Strategie) is gepropageer teen geweldige sterk weerstand en veroordeling - sowel binne- as buitelands. Dit het dit vir die propagandiste van hierdie ideologieë waarskynlik noodsaaklik gemaak, om hulle ideologieë met groot "geloofsoortuiging" te verkondig sonder om 'n sweem van twyfel te openbaar. 'n Geesteshouding van bykans grenslose optimisme is doelbewus in "eie geleedere" gekweek. Om sigbare gestalte aan die "verdienste" en (beweerde) "korrektheid" van die betrokke ideologieë te verleen, het die NP-regering oordrewe infrastrukturele ontwikkeling - wat op die luukse standaard van die Eerste Wêreld geskoei was - aangepak en ná 1974 daarmee volhard in die (naïewe) geloof dat die hoë groeikoers van die sestigerjare weer bereik en gehandhaaf sou kon word. Boonop is groot prestige projekte soos die Sasols, Sishen-Saldanha, die Richardsbaai-projek, Mosgas, Eskom se kapitaalprogram en 'n groot aantal regeringsgeboue (waarvan die Reserwebank-gebou die mees opvallende is), aangepak. Afgesien

van die feit dat die infrastruktuur en die prestige projekte 'n opvallende seksionele (of groeps) karakter (ten gunste van die blankes) gehad het, het dit - geoordeel vanuit die perspektief ná twee dekades van stagflasië - grootskeepse vermorsing tot gevolg gehad wat hoegenaamd nie geoorloof was indien die wydverspreide armoede en die Derde Wêreldomstandighede in Suid-Afrika in ag geneem word nie. Hierdie bestedings het direk en indirek 'n bydrae gemaak tot die oordrewe kapitaalintensiteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

'n Mens kan met reg die vraag vra waarom die naïewe optimisme ná 1976 nie plek gemaak het vir 'n meer realistiese interpretasie van die groeipotensiaal van Suid-Afrika en van die lewensvatbaarheid van die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling nie. Ná die Soweto-onluste en die disinvestering wat 'n aanvang geneem het, was die skrif tog aan die muur! Behalwe ideologiese en magpolitieke oorwegings, het die Goud-bonanza rondom 1980 die illusie van voorspoed laat bly voortleef en tesame daarmee ook die geneigdheid tot vertoon en grootskeepse vermorsing op prestigeprojekte.

5. TUISLANDONTWIKKELING EN DIE SUBSIDERING VAN GRENSNYWERHEIDS-ONTWIKKELING

Die Verwoerdiaanse beleid van Afsonderlike Ontwikkeling het direk gelei tot "onafhanklike" en "selfregerende" Tuislande met hulle "eie" regerings en burokrasieë en tot die subsidering van grensnywerheidsontwikkeling. Vanweë 'n gebrek aan voldoende finansiële kontrole en die onwilligheid (of onvermoeë) om rekenpligtigheid te aanvaar deur die regerings en burokrasieë van albei vorme van Tuislande, is reusagtige bedrae op hierdie (abortiewe) politieke "eksperiment" vermors. Die verskoning wat soms vir hierdie vermorsing en wanbesteding aangevoer is - nl. dat dit nie moontlik is om 'n Afrikaland sonder korrupsie en vermorsings te regeer nie - gaan eenvoudig nie op nie!

Die grootskeepse subsidering van grensnywerheidsontwikkeling verteenwoordig nie net 'n ekonomiese "eksperiment" wat hoegenaamd geen ekonomiese meriete gehad het nie, maar dit het ook die

geleentheid vir growwe vorme van korrupsie en patronisering geskep. Teen die einde van die tagtigerjare is ongeveer R1 biljoen per jaar aan grensnywerheidsontwikkeling bestee. Dit het op growwe vermorsing neergekom. Dit is inderdaad verbasend - én tragies - dat daar te midde van 'n kwynende ekonomie só lank met dié (onhaalbare) beleid volhard is.

Om die vermorsing wat veroorsaak is deur die oordrewe besteding op die fisiese infrastruktuur en preëstige projekte in die regte perspektief te sien en te beoordeel, moet ons dit kontrasteer met die ontoereikende belegging in menslike kapitaalvorming of sosiale bestedings. Terwyl besteding aan infrastrukturele uitbreidings gekenmerk is deur die luukse standaarde daarvan, word die sosiale bestedings gekenmerk deur die skewe "rassekarakter" daarvan. Die sosiale bestedings op blankes was in per capita terme tot vyf keer hoër as op Swartes. Hierdie patroon van sosiale bestedings was nie alleen onregverdig nie, maar het die potensiaal van die Swartes verwaarloos wat op die langtermyn 'n groot vermorsing van menslike potensiaal tot gevolg het.

#### 6. POLITIEKE BEGUNSTIGING (PATRONISERING) EN KORRUPTIE

Ons moet seker realisties genoeg wees om te besef dat politieke begunstiging 'n inherente deel van die politiek is. Baie mense neem klaarblyklik net aktief aan die politiek deel omdat hulle die vooruitsig het (of die hoop koester) dat hulle vroeër of later (direk of indirek) vir hulle "onbaatsugtige dienste aan die party" vergoed en/of begunstig sal word. Dit is waarskynlik deel van die "prys" wat die groter gemeenskap vir die "demokrasie" en vir die veelpartystelsel moet betaal.

Begunstiging hou egter altyd die gevaar in dat dit kan ontaard in nepotisme en selfs tot korrupsie kan lei. In baie gevalle is dit moeilik om te bepaal wanneer begunstiging oorgaan in nepotisme en wanneer mens met korrupsie te make het. Die waarskynlikheid dat begunstiging kan handuit ruk en in nepotisme en korrupsie kan ontaard, is uiteraard soveel groter as een en dieselfde politieke party vir dekades lank die politieke mag monopoliseer. Dit het waarskynlik in Suid-Afrika gebeur vanweë die ongelukkige

en ongesonde stand van sake dat die NP reeds vir 44 jaar ononderbroke aan die bewind is. Dit word vry algemeen in demokratiese lande in die Weste aanvaar dat dit (om verskeie redes) nie gewens is dat dieselfde politieke party vir meer as 10 jaar ononderbroke aan die bewind sal bly nie. Indien dieselfde party en leier vir langer tye aan die bewind bly, word die waarskynlikheid van korrupsie en ander vorme van magsmisbruik eenvoudig te groot.

Die ekonomiese vermorsing en verwringing wat oor die afgelope vier dekades in Suid-Afrika plaasgevind het vanweë begunstiging, nepotisme, korrupsie, burokratiese rompslomp en ander vorme van magsgebruik, sal ongelukkig nooit vasgestel kan word nie. Dit is soos die spreekwoordelike veelvoetige seekat waarna Mnr John Vorster verwys het. Soos ons hieronder sal aantoon, het die Totale Strategie en die opbou van Krygskor vereis dat die English Establishment ook in die invloedssfeer van begunstiging "ingetrek" moes word. Ons het rede om te glo dat die sg. patronaatnetwerk in veral die tagtigerjare sy "net" baie wyer gespan het en dat die stroom van "suurlemoensap" wat deur die "netwerk" gevloei het, toe baie dikker geword het. Die verontrustende aspek van so 'n uitgebreide patronaatnetwerk wat vir so lank onaangetas bly, is dat die begunstigdes hulle "gunste" mettertyd as vanselfsprekend aanvaar (asof hulle dit verdien het) en nie net daaraan verwen raak nie, maar selfs daaraan verslaaf raak! Dan is dit laat in die nag.

#### 7. DIE TOTALE STRATEGIE, MARKVERWANTE SALARISSE AAN STAATSAMPTENARE EN DIE (ONGEMAKLIKE) "HUWELIK" TUSSEN DIE BUROKRASIE EN DIE KORPORATIEWE SEKTOR

Soos reeds hierbo aangetoon, het die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling aan die einde van die sewentigerjare in so 'n legitimeitskrisis beland dat 'n addisionele legitimeringsideologie deur die NP-regering aanvaar moes word. Die ideologie en beleid van Afsonderlike Ontwikkeling is toe vir die doel aanvaar.

Mnr P W Botha en die Departement van Verdediging het hulle aan die begin van die sewentigerjare geënsins in die binnekring van die Vorster-regering bevind nie. In 'n poging om groter invloed (en guns) te verwerf, het Mnr Botha en sy generaals van vroeg

in die sewentigerjare die Totale Aanslag-cum-Totale Strategie-idee begin verkondig. (Dit was 'n aangepaste versie van die Rooi Beer Gevaar wat by West Point verkondig is en waarmee besoekende SA-generaals goed mee vertrouwd geraak het.) Ná die staatsgreep van Spinola en die abortiewe inval in Angola, is die Totale Strategie as addisionele ideologie en beleid deur die Vorster-regering aanvaar. Ná Mnr Botha se bewindsaanvaarding in 1978, het dit die vernaamste bestanddeel van sy regering se ideologie en beleid geword.

In 1972 het die NP-regering 'n bedrag gelyk aan 2,2 persent van die Bruto Binnelandse Produk op Verdediging gestee. Dit kan as 'n redelike "normale" persentasie beskou word vir die soort ontwikkelende land wat Suid-Afrika op daardie stadium was. Die bedrag wat op verdediging bestee is, het daarna vinnig gestyg as persentasie van die BBP en teen 1989 op 4,3 persent gestaan. Indien ons die Verdediging-bestedings hoër as 2,2 persent van BBP as "abnormaal" sou beskou, dan is die bedrag wat van 1972 tot 1989 aan "abnormale" Verdediging bestee is, ongeveer R80 biljoen (teen 1990 pryse). Dit kan seker nie betwyfel word dat gebeure in frontlinie state 'n hoër besteding aan Verdediging vereis het en dat dit deels geoorloof was om meer op Verdediging te bestee nie. Dit laat ons egter met die vraag of dit werklik nodig was om R80 biljoen addisioneel te bestee in 'n tydperk van 'n chroniese lae groeikoers en 'n daling in die reële per capita-inkome? Die antwoord op hierdie vraag hang af van hoe ernstig ons die ideologie van die Totale Strategie - om die (beweerde) Totale Aanslag af te weer - moet opneem. Met die voordeel van nawete kan ons beweer dat die Totale Aanslag nie so groot en so gevaarlik was soos wat propagandisties beweer is nie.

- Die Totale Aanslag en die groeiende internasionale isolasie het dit noodsaaklik en moontlik gemaak om belangrike aspekte van die sakesektor in die invloedssfeer van die burokratiese Staat te betrek. Een van die belangrikste maniere waarop dit gebeur het, is dat private ondernemings leweransiers en subkontraakteurs van Krygskor geword het. Die Krygskor-kontrakte was waarskynlik baie aantreklik en baie winsgewend vir diegene wat met hierdie kontrakte "begunstig" is.

Vanweë die toenadering wat in veral die tagtigerjare tussen die Burokratiese Staat en Kapitalistiese korporasies ontstaan het, het dit die sakesektor die geleentheid gebied om sy vryemark-ideologie as't ware aan belangrike persone en instansies in die burokrasie en die NP te "verkoop". Die aanvaarding van die vryemark-ideologie in regerings en in burokratiese kringe was nie sonder verdienste nie. Dit het die owerheid goed te pas gekom in sy pogings om van oordrewe reëls en regulasies ontslae te raak en om wetgewing wat die mobiliteit van Swartarbeid onnodig belemmer het, af te skaf. Maar wanneer die vryemarkideologie met soveel oorgawe gepropageer word deur Big Business in Johannesburg, én deur Big Government in Pretoria, het 'n mens seker alle rede om agterdogtig te raak. Die vermoede dat die vryemark-ideologie misbruik is vir 'n nuwe vorm van "ideologiese vermorsing", het 'n nuwe betekenis verkry toe die Vryemark-idee van "markverwante salarisse" aan die begin van die tagtigerjare gebruik is om groot salarisverhogings (wat sou "pas" by dié van Johannesburg) aan staatsampnare toe te staan.

Hierdie markverwante salarisverhogings was een van die faktore wat die salarisrekening van die Algemene Owerheid van 9,1 persent van BBP in 1981 na 11,6 persent van BBP in 1984 laat styg het. In terme van huidige pryse, verteenwoordig dit 'n styging van R7,5 biljoen in drie jaar (in 'n tydperk van stagflasie). Ander faktore wat ook vir die skerp styging in die "salarisrekening" verantwoordelik was, is die groter getal onderwysers in Swart skole en die groter getal soldate.

Hoe groot elkeen van hierdie drie faktore se relatiewe bydrae was, is moeilik bepaalbaar. Een ding wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat die idee van markverwante salarisse 'n onding is en op 'n verwronge toepassing van die Teoretiese Ekonomie berus. Alle pryse - sowel markpryse as administratiewe pryse - het net "ekonomiese meriete" as dit skaarsheidspryse is. Daar bestaan geen rede om te vermoed dat die salarisse wat in die (monopolistiese) private sektor betaal word, in die omgewing van die "skaarsheidsprys" vir daardie soort arbeid geleë is en daarom as "norm" gebruik kan word vir die salarisse wat in die Openbare Sektor betaal behoort te word nie. Die sg.

markverwante salaris was niks anders as n propaganda truuk om die guns van staatsamptenare te "koop" en by die bestel te "koöpteer" nie. Dit het die belastingbetalers egter geweldig baie geld gekos. Die Totale Strategie, Krygskor, die "koöptering" van belangrike gedeeltes van die private sektor, die aanvaarding van die vryemark-ideologie en die idee van markverwante salarisse was egter alles deel van dieselfde "konsolidasie proses", ofte wel deel van die (ongemaklike) "huwelik" tussen die Burokratiese Staat en die Kapitalistiese korporasies. (Dit was n voorspel tot die "Compact of Power" wat na 2 Februarie 1990 sy beslag gekry het.)

8. DIE MOONTLIKE VERWAARLOSING VAN DIE (BLANKE) LANDBOUSEKTOR (IN DIE SOMERRËNVALGEBIED) TEN SPYTE VAN VOORTSLEPENDE DROOGTES

Die groter owerheidsbesteding op Verdediging en op die salarisrekening in die Openbare Sektor (terwyl ideologiese bestedings op Afsonderlike Ontwikkeling op n hoë vlak gehandhaaf is) in n tydperk toe die reële per capita-inkome en die belastingkapasiteit van die ekonomie gedaal het, moes noodwendig tot gevolg hê dat besteding op ander owerheidsposte besnoei moes word. In die bygaande Tabelle word aangedui dat owerheidsbesteding op Landbou van 1,3 persent van BBP in 1970/71 besnoei is tot gemiddeld 0,8 persent in die tagtigerjare. Vanweë die voortdurende verskuiwings wat in die owerheid se Begrotingsprosedure en Klasifikasies aangebring is, is dit moeilik om te weet hoe vergelykbaar hierdie syfers is. Indien ons aanvaar dat die 1,3 persent van BBP wat in 1970/71 op Landbou bestee is, verteenwoordigend was vir bestedings in die vroeë sewentiger jare, dan was besteding op landbou in die tagtiger jare 0,5 persent van BBP kleiner as aan die begin van die sewentigerjare. In terme van huidige pryse is 0,5 persent van BBP R1,5 biljoen. Ons sou moontlik die tentatiewe gevolgtrekking kan maak dat die owerheid in die tagtigerjare R15 biljoen (in huidige pryse) minder aan die Landbou bestee het as wat hy sou bestee het indien die bestedingsvlakke van die begin sewentigerjare gehandhaaf sou word. Die argument sou natuurlik aangevoer kan word dat besteding op Landbou aan die begin van die sewentigerjare te hoog was en op n ongeoorloofde pamperlanging van die boere neergekom het. Dit is nie vir my moontlik om hieroor n standpunt in te neem nie.

FUNCTIONAL CLASSIFICATION OF CENTRAL GOVERNMENT BUDGETED EXPENDITURE AS PERCENTAGE OF TOTAL BUDGET AND OF GDP. (at market prices): 1970 - 1989

Function	GDP = R13 198 million		GDP = R23 285 million		GDP = R22 458 million		GDP = R122 919 million		GDP = R168 503 million		GDP = R237 001 million	
	1970/71		1980/81		1983/84		1985/86		1987/88		1989/90	
	% of budget total	% of GDP @ MP	% of budget total	% of GDP @ MP	% of budget total	% of GDP @ MP	% of budget total	% of GDP @ MP	% of budget total	% of GDP @ MP	% of budget total	% of GDP @ MP
General Administration	5,7	1,2	5,6	1,3	7,3	1,8	6,0	1,6	3,4	1,0	2,3	0,8
Defence	10,7	2,2	17,4	4,0	18,5	4,1	14,1	3,7	14,7	4,2	16,2	4,3
Police and Prisons	5,7	1,2	4,5	1,0	4,8	1,2	3,1	0,8	4,0	1,1	4,6	1,2
Education	6,1	1,2	6,7	1,5	10,1	2,5	13,5	4,1	16,2	5,2	18,6	4,9
Housing	2,5	0,5	2,2	0,5	0,7	0,2	1,8	0,5	1,5	0,4	1,4	0,3
Other Social Services <sup>2</sup>	7,8	1,8	4,7	1,1	5,7	1,4	6,8	2,3	7,7	2,2	7,9	2,1
Agriculture	6,6	1,3	3,3	0,8	3,8	1,0	3,4	0,8	3,6	1,0	2,0	0,5
Transport and Communications	6,8	1,4	6,1	1,6	3,6	1,0	5,0	1,3	4,8	1,4	5,2	1,4
Other Economic Services	1,8	0,3	4,8	1,1	5,4	1,3	5,6	1,5	4,8	1,4	4,4	1,2
Grants to government institutions including homeland, local authorities, health and hospitals	29,9	6,0	28,7	6,7	28,1	7,0	18,0	4,7	22,8	6,5	18,3	5,2
Interest on state debt	10,3	2,1	10,5	2,3	11,6	2,8	15,2	4,0	13,3	3,8	10,0	4,3
Not allocated	6,3	1,3	2,4	0,5	2,2	0,5	3,4	0,9	1,2	0,3	2,1	0,6
Total	100,0	20,3	100,0	22,7	100,0	24,8	100,0	26,3	100,0	28,4	100,0	28,0



Functional Classification of Central Government Budgetary Expenditure as Percentage of Total Budget and of GDP (at market prices): 1970 - 1989

Function	1983/84 GDP = R92 459 million			1985/86 GDP = R120 919 million			1986/87 GDP = R145 811 million			1987/88 GDP = R188 500 million			1988/89 GDP = R198 937 million			1989/90 GDP = R237 001 million		
	Amount	% of budget total	% of GDP @ MP	Amount	% of budget total	% of GDP @ MP	Amount	% of budget total	% of GDP @ MP	Amount	% of budget total	% of GDP @ MP	Amount	% of budget total	% of GDP @ MP	Amount	% of budget total	% of GDP @ MP
	General Administration	1069,3	7,3	1,4	1001,0	8,0	1,6	2064,1	6,8	1,8	1487,1	3,4	1,0	1465,8	2,6	0,7	1465,7	2,3
Defence	3773,8	15,5	4,1	4037,7	14,1	3,7	5258,2	15,1	3,8	7018,0	14,7	4,2	8077,2	15,0	4,5	10028,8	15,2	4,3
Police and Prisons	1184,3	4,9	1,2	1029,7	3,1	0,8	1098,8	3,9	0,9	1898,6	4,0	1,1	2206,7	4,1	1,2	2911,8	4,8	1,2
Education	2292,7	10,1	2,5	5115,8	15,5	4,1	6317,2	19,7	4,3	8709,1	18,2	3,2	9960,0	17,8	5,0	11822,3	18,8	4,9
Housing	156,5	0,7	0,2	268,9	1,0	0,5	1396,6	3,4	0,8	746,4	1,5	0,4	804,2	1,7	0,5	817,1	1,4	0,3
Other Social Services	1304,4	5,7	1,4	2833,4	6,9	2,3	3771,3	8,4	2,6	3969,1	7,7	2,2	4508,0	8,0	2,2	5006,3	7,9	2,1
Agriculture	884,6	3,9	1,0	1137,1	3,4	0,9	921,7	2,3	0,6	1729,7	3,6	1,0	1488,8	2,8	0,8	1262,8	2,0	0,5
Transport and Communications	881,0	3,8	1,0	1850,4	5,0	1,3	2182,5	5,4	1,6	2295,4	4,8	1,4	3062,3	5,5	1,5	3270,7	5,2	1,4
Cost Economic Services	1241,9	5,4	1,3	1838,8	5,6	1,5	2220,2	5,5	1,5	2300,9	4,8	1,4	2916,7	5,2	1,5	2783,1	4,4	1,2
Grants to Government Departments including homeland, provincial, health and local authorities, health and hospital	8442,7	26,1	7,0	5818,8	18,0	4,7	6508,8	21,2	6,8	10814,8	22,8	6,6	12254,5	21,6	6,1	12276,6	18,3	5,2
Interest on state debt	2857,8	11,8	2,9	5022,8	15,2	4,0	5458,8	13,8	3,7	8264,8	13,3	3,8	8055,7	14,3	4,0	10174,9	18,0	4,3
Not allocated	498,0	2,2	0,6	1124,9	3,4	0,8	238,7	0,6	0,2	658,1	1,2	0,3	587,3	1,0	0,3	1388,7	2,1	0,6
Total	22892,2	100,0	24,9	32978,6	100,0	28,3	40213,0	100,0	27,9	47836,0	100,0	26,4	50368,0	100,0	28,3	60398,8	100,0	28,6

Sources: a) Calitz, E., 1986: Aspekte van die vraagstuk van Staatsbestedingsprioriteite met spesiale verwysing na die RSA: 'n Funksioneel-ekonomiese ondersoek. Unpublished doctoral thesis, University of Stellenbosch.

b) South Africa at the End of the Eighties: Policy Perspectives 1989. Centre for Policy Studies, 1989.

Note: The functional classification system changed in the 1985/86 and subsequent budgets. The years before and years after 1985/86 are therefore not strictly comparable, but nevertheless do reflect the broad trends.

Maar afgesien van besnoeiing van owerheidsbesteding op die Landbou in n dekade wat gekenmerk is deur langdurige droogtes, het n ander aspek van die owerheid se ekonomiese beleid die landbou-sektor moontlik nadeliger getref. Ons het hierbo verwys na die maatreëls wat (as deel van die Verwoerdiaanse beleid om n "Blanke Ekonomie" te bou) getref is om die prys van kapitaal goedkoop te maak vis-a-vis arbeid, nl. n te hoë wisselkoers, negatiewe rentekoerse en belastingafskrywings ten opsigte van beleggings. Hierdie maatreëls het ook die landbou-bedryf "uit-gelok" tot oordrewe kapitaalintensivering en o.m. ook tot n skerp styging in grondpryse gelei. Toe n skerp beleidsommekeer in die middel van die tagtigerjare plaasgevind het, het dit skielik swaar en onvoorsiene laste op die landboubedryf geplaas. Nadat boere vir soveel jare "verwen" geraak het aan beleidsmaatreëls wat kapitaal intensiteit en hoë grondpryse gestimuleer het, het hulle dit blykbaar finansiëel en psigologies bitter moeilik gevind om by die nuwe beleidspatrone aan te pas. Oor die verdienstelikheid van die hulpprogramme wat van tyd tot tyd aangekondig is om spesifieke probleme in die landboubedryf te probeer oplos, wil en kan ek my nie uitspreek nie.

9. SLOTOPMERKING

Die bogaande uiteensetting van ekonomiese vermorsing en n verwringing van die Suid-Afrikaanse ekonomie vanweë foutiewe beleidsrigtings vertel inderdaad n baie droewige verhaal. Die Suid-Afrikaanse ekonomie moes oor die afgelope 30 jaar baie stampe en stote verduur in die vorm van verkeerde beleidsmaatreëls, allerhande vorme van verwringing en vermorsing, sanksies, dis-investering, ens. Ná byna 20 jaar van n lae-groeiakoers en n daling in die reële per capita-inkome, is die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie sorgwekkend swak. Alhoewel die "sentrum" van die ekonomie nog hou, is die ekonomie tans baie delikaat en kwesbaar en sal dit nie onbeprek die soort stampe en stote kan verduur nie. Ter wille van die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse ekonomie is dit dus gebiedend noodsaaklik dat die endemiese geweldpleging beëindig sal word en dat politieke omstandighede geskep sal word wat bevorderlik vir die herstel van vertroue in die toekoms van die ekonomie sal wees.